**Verbondsvervulling: die vreugde en spanning**

**Gen 21:1-21**

**5 November 2023**

1. Vantevore: Abimeleg neem Sara as vrou, na Abraham weer sê sy is sy suster. Die Here werk met Abimeleg deur hom te konfronteer met Sy handelinge in sy lewe en in Abraham se lewe. Die Here werk met Sara en herinner haar dat sy vir Hom kosbaar is. Die Here werk met Abraham deur hom te konfronteer oor sy swak motivering vir sy leuen, maar verseker hom dit bedreig nie sy deelname aan die verbond nie – al is Abraham ontrou, die Here bly getrou.
2. Verbondsvervulling lei tot vreugde (Gen 21:1-8)
    a. Isak word gebore – 25 jaar na Abraham in beloofde land kom (v5, vgl Gen 12:4)
    b. Wonders: Sara word swanger tsv ouderdom en onvrugbaarheid (Gen 11:30), al was hulle sinies (Gen 17:17, 18:12). Isak is Abraham/Sara se seun (v2) soos die Here beloof het (Gen 17:9). Word op bestemde tyd gebore (v2, Gen 17:21, 18:10). Abraham is gehoorsaam – noem hom Isak (v3, Gen 17:9), besny hom (v4, Gen 17:12)
    c. Vreugde (v6-8): Vir Sara, vir elkeen wat hoor, feesmaal as Isak gespeen word
    d. Vreugde volg: as Here doen wat Hy beloof het, as Abraham en Sara gehoorsaam is
3. Verbondsvervulling lei tot spanning (Gen 21:9-21)
    a. Ismael lag ook – spottend (v9, vgl Gen 19:14)
    b. Spanning tussen Sara/Isak en Hagar/Ismael, tussen Abraham en Sara (v10-11)
    c. Die Here stem saam met Sara: Hagar/Ismael moet weggestuur word (v12-14)
    d. God ontferm Hom oor Hagar/Ismael – Ismael sal nasie word (v15-21, vgl Gen 25-17)
    e. Gen 16 vs Gen 21: Die Here tree oënskynlik anders op, want:
        - Ismael het baie genade ontvang sedert Gen 12, genadetyd is verby
        - Omdat Ismael gespot het oor God se werk, mag hy nie saam erf nie
4. Nuwe Testamentiese Perspektief op Gen 21:1-21 (Rom 9 en Gal 4)
    a. Rom 9:6-9: Ware Israel = ware nageslag van Abraham = verteenwoordig deur Isak se nageslag = ware gelowiges = kinders van die belofte = sal volle vervulling van beloftes aan Abraham beleef
    b. Gal 4:22-31
        - V22-23: Ismael is natuurlik verwek as deel van menslike plan, Isak is verwek as deel van God se belofte
        - V24-25: Hagar = Sinaiverbond = slaafse nakoming van seremoniële wette = huidige, fisiese Jerusalem
        - V26-28: Sara = moeder van gelowiges = "Jerusalem daarbo" = kinders van die belofte
        - V29: Isak is deur Heilige Gees verwek = nuwe verbond (Eseg 36:27)
        - V30: Daar kom skeiding tussen nageslag van Isak en Ismael
        - V31: Gelowiges is vrygemaak in Christus
        - Opsommend:
            - Hagar/Ismael = Jode wat aan ou verbond vashou = fisiese Jerusalem = natuurlik verwek
            - Sara/Isak = gelowiges met deel aan nuwe verbond = hemelse Jerusalem = in Christus vrygemaak en deur Heilige Gees verwek
        - Wortels van die ou verbond en nuwe verbond word reeds in die Abrahamverbond gevind
5. Toepassing: Elke tree na verbondsvervulling lei tot vreugde, en ook spanning